

21 Junie Deut. 31:1 -8 en Numeri 13:16-33,(Teks: Deut 31:7,8)

Vertrou op God in alle omstandighede

Die Israelite maak gereed: Uiteindelik die Beloofde Land! 'n Opgewondenheid – land van melk en heuning. Tóg ook 'n bangheid - die vyand is reusagtig, ook nog sonder Moses. Moses preek: - Eers: 'n bedekte waarskuwing (verse 2,5): Ek was ongehoorsaam, en kan daarom nie die Land binnegaan nie. Julle moet God gehoorsaam wees! Dan: 'n algemene aanmoediging (verse 3-6): Ek, Moses, sal nie meer lei nie, maar die beste Leidsman (Hebr. 12:2), die Here jou God (Verbondsnaam) trek voor julle oor. Hy sal die oorwinning gee en sal lei soos die afgelope 40 jaar. Die oorwinning oor konings Og en Sihon getuig. Wees net sy gebod gehoorsaam. Vertrou op Hom. Hy sal julle nie in die Steek laat nie!

Laastens: 'n Besondere aanmoediging (verse 7-8): Josua, jy is deur die Verbondsgod geroep/uitverkies om die volk die Beloofde Land in te lei (nie Kaleb, die ander gelowige verkenner, nie). Maar jy: God, wat met 'n eed verbind is aan sy beloftes, sal voor jou uittrek. Heelpad. Hy sal met jou wees, jou nie in die steek laat nie. Jy mag dus nie bang wees op hierdie onbekende, moeilike pad nie.

My broer/suster in die Here: Jy is mos ook deur die Here geroep om sy kind te wees. Bang vir die onbekende toekoms? 'n Nuwe loopbaan? Die eensame pad sonder jou geliefde?

Wees verseker: Die Here het jou geroep op hierdie pad. Daarom sal Hy voor jou uit loop op hierdie pad. Hy sal jou nie in die steek laat nie. Jy mag nie bang wees nie. Vertrou op Hom!

Sing: Psalm 26:1,5

Ds. A.H. Stavast (Mosselbaai)